  - a) Het moet nog gecorrigeerd worden op het Engels (zitten veel fouten in).
  - b) Tot mijn verbazing bevat het hoofdstuk geen - en vraagstelling: wat is eigenlijk het of kennistekort waaraan je met deze studie wat tracht te doen? Je schrijft wel een relevantieparagraaf (p.16/17 al is de toon daar erg optatief) maar die behoort natuurlijk verbonden te zijn met een schets van het (in de binnenstad, met de jongeren, met HIV/AIDS, met beleid, met zorg, eyc.): dus, wat is het waar jij je in verdiept en waaraan je graag wat zou willen doen?
  - c) Het hoofdstuk gaat erg snel uit (en aan het eind is het dan ook enigszins onevenwichtig!) en eindigt te abrupt: daar moeten nog zeker twee pagina's achteraan met wat je nu feitelijk gaat onderzoeken, hoe de studie is opgebouwd en welke hoofdstukken we mogen verwachten, waar de theologische interesse is ondergebracht etc. Maar ik denk dat je allang van plan was die gegevens nog toe te voegen
  - d) Ik kan me voorstellen dat de uiteenzetting van de ABCDE-aanpak meer naar voren wordt gehaald in de tekst en dat de uitleg wat kwalitatief onderzoek, of narratief onderzoek iets meer naar achteren wordt geplaatst: er zijn nu wel erg veel 'voorafje' voor we bij de hoofdmaaltijd aanbelanden.

Prof Andries Baart

**APPENDIX G****Respons op Marinda**

Posted : 21/04/2004 10:14

By : **Eric Scholtz**

Beste Marinda,

Ek het die eerste lees van jou 'n samehangendheid en konsekwentheid in jou beredenering wat vir my sê dat jou geskrif uit 'n persoonlike oortuiging gegroei het. Die passie waarmee jy soms skryf bevestig dit! En ek sou die saak daarby kon laat, maar anders as jy gaan ek tog "play up to people in power" en probeer om 'n paar kritiese opmerkings te maak en vrae te stel. Nadat ek jou stuk herlees het, die volgende gedagtes (ek bespreek dit nie in die volgorde van belangrikheid nie, maar soos dit agtereenvolgend na vore kom):

1.) Wat jou tema betref, dit het nie vir my uit jou stuk duidelik geword wat jy bedoel met "adolescents infected and affected by HIV/AIDS" nie. Jy vertel byvoorbeeld die verhaal van Thandi. Dit klink vir my sy is 'n mede-navorsers en bloot deel van 'n gespreksgroep oor vigs. Beteken dit jou onderwerp handel oor hoe vigs in die algemeen tieners raak? Of gaan dit meer oor tieners wat vigs het en/of in die nabyheid leef van persone wat vigs het?

2.) In die formulering van jou navorsingsdoelwit maak jy melding van 'n "holistic understanding of HIV/AIDS infected and affected adolescents". Beteken "holisties" in dié verband dat jy al die moontlike maniere waarop tieners deur vigs geraak word te wete wil kom? Gee die woord "holisties" dalk die antwoord op my vraag in punt 1? Is dit nie geweldig wyd nie? Wat egter hier vir my belangriker is, dié woord val deesdae vir my nie lekker op die oor nie. Dit klink nogal pretensieus, gemeet aan die "unheard stories" uit in jou

3.) Gebruik jy die begrip "care" nie op 'n onkritiese wyse nie? Sal jy nie iewers meer aandag moet gee aan hierdie woord nie?

4.) Dit lyk my jy het sterk politieke oogmerke met jou navorsing!! Jy skryf dikwels oor die transformasies wat moet plaasvind (reeds so in jou navorsingsdoelwit). Later, onder jou bespreking van die narratiewe benadering, haal jy vir Müller, Van Deventer en Human as volg aan: "For us, the aim of research is not to bring about change..." Is hier 'n spanning op te merk? As jy gesteld is op verandering, sou jy nie meer moes maak van wat Gergen byvoorbeeld bespreek onder deelnemende aksie-navorsing nie? En sou dit nie jou metodologie meer moes beïnvloed nie?

5.) Onder navorsingsmetode noem jy "fiction writing" 'n "comfortable metaphor". En 'n bietjie verder beskryf jy die "narrative approach" as 'n "comfortable way" om navorsing te doen. Is die woord "comfortable" 'n goeie keuse?

6.) "Qualitative researchers are sensitive to the value of using multi-methods, the naturalistic approach and the interpretive understanding of human experience", so skryf "Qualitative research". Wat is 'n "naturalistic approach"?

7.) Onder dieselfde opskrif haal jy vir Agar aan oor "qualitative research": "There is a movement away from reliability and validity, towards credibility, accuracy of representation and authority of the writer." Behalwe "authority of the writer"?

8.) Onder die hoof "Practical theology" verwys jy na 'n "theory-praxis-theory" beweging. Jy bedoel nie dalk "praxis-theory-praxis" nie?

9.) Is Lartley se benadering tot praktiese

10.) Behels die konteks van navorsing nie baie meer as jou enkele verwysing na wêreldbeeld nie? Browning na wie jy later verwys het byvoorbeeld heelwat hieroor te sê. Miskien is dit bloot 'n geval dat jy keuses moes maak oor waar jy sekere inhoud aan die orde stel. Want van die sake wat jy later onder "action" en "background" bespreek sou (ook) hier tuishoort – so dink ek.

11.) Onder "story development" skryf jy: "Different stories are brought into conversation with one another through hearing the different voices and making them heard and by critically evaluating the different voices." My vraag het betrekking op die laaste deel van die sin: "... by critically evaluating the different voices." Doen ons dit in narratiewe navorsing?

12.) Ek sou ten slotte ook graag wou lees hoe 'n moontlike hoofstukindeling van jou proefskrif lyk.

Ek volstaan hiermee, anders glo jy nie my aanvanklike stelling Groete. Eric



## **APPENDIX H**

### **REPUBLIEK VAN SUID-AFRIKA MAATSKAPPYWET, 1973**

#### **STATUTE van 'n Maatskappy sonder 'n aandeelkapitaal**

**Registrasiennr. van Maatskappy  
92/01259/08**

#### **NAAM VAN MAATSKAPPY:**

**PRETORIA EVANGELISERING- EN NASORGAKSIE  
(Vereniging ingelyf kragtens Artikel 21)**

#### **Die Statute van die Maatskappy is soos volg:**

##### **DOELWITTE**

1. Ter bereiking van die hoofdoelstelling in die akte van oprigting, word die volgende doelwitte vir die maatskappy gestel (wat nie as 'n volledige lys van doelwitte geld nie):
  - a. Om in en deur die krag van Christus die middestadmens van Pretoria as totale mens (geestelik, materieël, maatskaplik, sosiaal, ens.) te bedien;
  - b. Stedelike sending en evangelisasie in die algemeen wat behels die bediening van die totale mens;
  - c. Om, indien dit prakties uitvoerbaar is, saam te werk met 'n erkende internasionale sendingorganisasie, verkieslik een wat stedelike sending en evangelisasie as toegespitste bediening het.

##### **LEDE**

2. Die KERKRAAD VAN DIE PRETORIA GEMEENTE VAN DIE NEDERDUITSE GEREFORMEERDE KERK VAN TRANSVAAL (hierna genoem "NG GEMEENTE PRETORIA") nomineer jaarliks tien persone uit die geledere van die Kerkraad om lede van die maatskappy te wees.

3.

tot

10. Geen statute.

##### **DIREKSIE**

11. Direkteure van die maatskappy word deur die lede van die maatskappy aangestel.
12. Die maatskappy moet minstens vyf direkteure en verkieslik nie meer as twaalf direkteure hê nie.

13. Minstens twee van die direkteure moet lede van die maatskappy wees, waarvan minstens een 'n voltydse dienende predikant moet wees.
14. Met die aanstelling van direkteure deur die lede van die maatskappy sal afsonderlik per direkteur besluit word, tensy die vergadering sonder teenstem vooraf bepaal het dat oor meer as een direkteur gesamentlik besluit mag word.
15. Behoudens genoemde twee direkteure uit geledere van die lede van die maatskappy, hoef direkteure nie lede van die maatskappy te wees nie, of lidmate te wees van die NG GEMEENTE PRETORIA nie of aan die Nederduitse Gereformeerde Kerk verbonde te wees nie. Hierdie direkteure word na verwys as eksterne direkteure.
16. Eksterne direkteure sal aangestel word verkieslik volgens aanbeveling van die direksie. Die ledevergadering is egter nie gebonde aan sodanige aanbevelings van die direksie nie.
17. Direkteure word aangestel vir 'n tydperk van drie jaar; met dien verstande dat direkteure se dienstermyn nie ten einde loop voor die ledevergadering vir die jaarlikse verkiesing van direkteure nie.
18. Direkteure is herkiesbaar vir onbeperkte opvolgende termynne.
19. Die direkteure verkies uit hul geledere 'n voorsitter en ondervoorsitter vir die direksie.
20. Die voorsitter van die direksie is verkieslik 'n eksterne direkteur.
21. Indien die voorsitter van die direksie 'n eksterne direkteur is. Moet die ondervoorsitter verkies word uit die direkteure wat lede van die maatskappy is.
22. Die direksie stel ook 'n sekretaris/sekretaresse aan, verkieslik nie 'n direkteur nie.

#### **DAGBESTUUR**

23. Die direksie stel jaarliks 'n dagbestuur saam. Die dagbestuur het 'n uitvoerende funksie namens die direksie.
24. Die dagbestuur word saamgestel uit lede van die direksie. Die voorsitter of ondervoorsitter van die direksie hoef nie op die dagbestuur te dien nie.
25. Die direksie benoem die voorsitter en ondervoorsitter van die dagbestuur. In afwesigheid van die voorsitter tree die ondervoorsitter as voorsitter op.
26. Die lede van die dagbestuur mag een bykomende direkteur op die dagbestuur koopteer.
27. Twee lede van die dagbestuur, uitgesluit 'n gekoopteerde lid, vorm 'n kworum vir die dagbestuursvergaderings.
28. Besluite word geneem by wyse van gewone meerderheid. In geval van 'n staking van stemme het die voorsitter 'n tweede of beslissende stem.
- 29.
- tot
37. Geen statute.

## OPTREDE VAN DIREKTEURE

38. Die direkteure kan vergader vir die afhandeling van sake, verdaag en andersins hul vergaderings en wyses van kennisgewing vir vergaderings reël soos hulle mag goeddink; behoudens die bepalings van hierdie statute en die verpligte bepalings van die Maatskappywet Nr. 61 van 1973 (hierna genoem die Wet). Minstens twee direksievergaderings per finansiële jaar van die maatskappy sal gehou word.
39. Die direkteure kan al die bevoegdhede van die maatskappy uitoefen wat nie deur die Wet of deur hierdie statute vereis word om op 'n ledevergadering uitgeoefen te word nie, onderhewig aan hierdie statute en aan die bepalings van die Wet asook aan besluite van die algemene vergadering wat nie strydig is met hierdie statute of wetsbepalings nie.
40. Alle fondse en bates van die maatskappy word deur die direksie beheer en bestuur.
41. 'n Gewone meerderheid van direkteure vorm 'n kworum vir direksievergaderings.
42. Direksiebesluite word geneem by wyse van gewone meerderheid van direkteure, behalwe soos in hierdie statute anders bepaal.
43. Ingeval van 'n staking van stemme, het die voorsitter 'n tweede of beslissende stem.
44. Die direksie mag kundige persone vir bepaalde take of advies tydelik op die direksie koopteer. Sodanige persone het nie stemreg nie.
45. Die direksie hanteer aanstellings van werknemers en bepaal diensvoorwaardes.
46. Die direksie kan, met vooraf goedkeuring van 'n ledevergadering, 'n voltydse uitvoerende direkteur aanstel.
47. Direkteure ontvang geen direkteursvergoeding as direkteure nie. Uitgawes wat deur direkteure aangegaan is om direkteurverpligtinge na te kom, kan vergoed word.
48. Die direksie is geregtig om 'n direkteur te vergoed vir professionele dienste wat op versoek gelewer is.
49. 'n Direkteur mag 'n werknemer van die maatskappy wees, en aldus geregtig wees op vergoeding as werknemer en onderhewig wees aan diensvoorwaardes.
50. Indien by enige vergadering van direkteure die voorsitter of ondervoorsitter nie teenwoordig is binne vyftien minute na die vasgestelde tyd vir die vergadering nie, mag die direkteure wat teenwoordig is een uit hulle midde verkies om voorsitter van die vergadering te wees.
51. Die oorblywende direkteure mag optree niestandaarde enige vakature in hul geledere. Indien en vir solank hulle getal verminder is onder die minimum getal mag die oorblywende direkteure slegs optree om 'n direksievergadering vir daardie doel te belê, vir die doel van aanstelling van bykomende direkteure; met dien verstande dat indien daar geen direkteur is wat instaat is of gewillig is omlop te tree nie, mag enige lid van die direksie 'n direksievergadering belê vir daardie doel.
52. 'n Direkteur mag ter enger tyd 'n vergadering van direkteure belê.
53. Enige besluit van die direkteure van die maatskappy in die vorm van 'n geskrewe besluit geteken deur al die direkteure, sal geag word om die notule van 'n vergadering te wees en daar sal kennis van geneem word deur die volgende vergadering van direkteure.

54. Behoudens die bepalings van artikels 234 tot en met 241 van die Wet, mag 'n direkteur nie ten opsigte van 'n kontrak of voorgenome kontrak met die maatskappy waarin hy 'n belang het of 'n aangeleentheid wat daaruit voortspruit, stem nie, en indien hy aldus stem, word sy stem nie getel nie.
55. Die direkteure kan enige van hulle bevoegdhede delegeer aan komitees wat uit die lid of lede uit hulle midde bestaan wat hulle goeddink. 'n Komitee aldus saamgestel, moet hom by die uitoefening van die bevoegdhede aldus gedelegeer by die reëls hou wat die direkteure aan hom oplê.
56. 'n Komitee kan 'n voorsitter vir sy vergaderings verkies. As so 'n voorsitter nie binne vyftien minute na die vasgestelde tyd vir die hou van die vergadering aanwesig is nie, kan die aanwesige lede iemand uit hulle midde tot voorsitter van die vergadering verkies.
57. 'n Komitee kan na goeddunke vergader en verdaag. Vrae wat op 'n vergadering ontstaan word met 'n meerderheid van stemme van die aanwesige lede beslis, en in die geval van 'n staking van stemme het die voorsitter 'n tweede of beslissende stem.
58. Alle handeling wat verrig is deur 'n vergadering van die direkteur of 'n komitee van direkteure of deur 'n persoon wat as 'n direkteur optree, is, ondanks die feit dat agterna ontdek word dat daar een of ander gebrek was in die aanstelling van sodanige direkteure of persoon wat optree soos voormeld, of dat hulle of enige van hulle gediskwalifiseer was, net so geldig asof elke sodanige persoon behoorlik as direkteur aangestel was en gekwalifiseer was om 'n direkteur te wees.

#### **DISKWALIFIKASIE VAN DIREKTEURE**

59. Enige van die volgende persone is gediskwalifiseer om aangestel te word of op te tree as direkteur van die maatskappy:
  - 59.1 'n regspersoon
  - 59.2 'n minderjarige of 'n ander persoon wat handelingsonbevoegd is, behalwe 'n getroude vrou onder die maritale mag van haar eggenoot wie se skriftelike toestemming tot haar aanstelling as 'n direkteur op die vorm bedoel in artikel 211 (1) (a) by die maatskappy ingedien is;
  - 59.3 iemand wat die onderwerp van 'n bevel kragtens die Wet is waardeur hy gediskwalifiseer is om direkteur te wees;
  - 59.4 behalwe met magtiging van die Hof-
    - i 'n ongerehabiliteerde insolvent;
    - ii iemand uit 'n vertrouensamp ontslaan op grond van wangedrag;
    - iii iemand wat te eniger tyd (in die Republiek of elders) skuldig bevind is aan diefstal, bedrog, vervalsing of die uitgifte van 'n vervalste stuk, meened, 'n misdryf kragtens die Wet op die Voorkoming van Korrupsie, 1958 (Wet No 6 van 1958); of 'n misdryf waarby oneerlikheid betrokke is of in verband met die oprigting, stigting of bestuur van 'n maatskappy, en daarvoor gestraf is met gevangenisstraf sonder die keuse van 'n boete of met 'n boete van meer as honderd rand.

#### **ONTRUIMING VAN DIREKTEURSAMP**

60. Die direkteursamp word ontruim indien die direkteur –
  - 60.1 verbied word om 'n direkteur te wees uit hoofde van 'n bepaling van die Wet; of
  - 60.2 by skriftelike kennisgewing aan die maatskappy en die Registrateur van Maatskappye uit sy amp bedank; of
  - 60.3 sonder toestemming van die direkteure afwesig is van so 'n getal direkteursvergaderings wat die direksie van tyd tot tyd bepaal; of
  - 60.4 regstreeks of onregstreeks 'n belang het in 'n kontrak of voorgenome kontrak met die maatskappy en versuim om sy belang en die aard daarvan te verklaar op die wyse deur die Wet vereis, en die direksie hom as gevolg hiervan versoek om sy amp te ontruim; of
  - 60.5 nie in sy amp herkies word nie; of
  - 60.6 die direksie van mening is dat die direkteur se optrede of gedrag die doelstelling of doelwitte van die maatskappy benadeel; met dien verstande dat op 'n direksievergadering vir sodanige besluit, minstens twee-derdes van die lede van die direksie aanwesig moet wees en minstens twee-derdes van die aanwesige lede ten gunste van die ontslag stem.

#### **NOTULES**

61. Die notule van verrigtinge op elke vergadering van die direksie-, dagbestuur en lede sal binne een maand na die datum waarop die vergadering gehou is, in toepaslike notuleboeke ingeskryf word.
62. Die teenwoordige persone by direksie-, dagbestuur en ledevergaderings sal op die vergadering hul naam in 'n teenwoordigheidsregister teken.
63. Die notule van enige vergadering van die direksie, dagbestuur en lede wat voorgee geteken te wees deur die voorsitter van daardie vergadering of deur die voorsitter van die eersvolgende vergadering sal bewys wees van die verrigtinge by daardie vergadering.
64. Die notule van elke algemene vergadering en algemene jaarvergadering sal beskikbaar wees vir kostelose insae deur enige lid of sy behoorlik gemagtigde agent.

#### **ALGEMENE VERGADERINGS**

65. Die maatskappy moet sy eerste algemene jaarvergadering hou binne agtien maande na sy inlywingsdatum en moet daarna elke jaar 'n algemene jaarvergadering hou; met dien verstande dat nie meer as vyftien maande mag verloop tussen die datum van een algemene jaarvergadering en die van die volgende nie en dat 'n algemene jaarvergadering gehou moet word binne ses maande na die verstryking van die boekjaar van die maatskappy.
66. Algemene vergaderings moet belê word op versoek van die direksie of van minstens twee lede van die maatskappy.
67. Indien die lede 'n algemene vergadering versoek, moet hul versoek voldoen aan die bepalings van artikel 181 van die Wet, en moet die direkteure toesien dat die vergadering belê word ooreenkomstig die bepalings van die Wet.

68. Kennis van 'n algemene vergadering word aan lede gegee by wyse van persoonlike kennisgewing.
69. Die kworum vir 'n ledevergadering sal minstens vier stemgeregtigde lede wees.
70. Elke lid van die maatskappy het een stem op 'n algemene vergadering.
71. Die algemene jaarvergadering handel met alle aangeleenthede voorgeskryf deur die wet insluitende die oorweging van finansiële jaarstate en aanstelling van 'n ouditeur. Die algemene jaarvergadering kan enige ander sake hanteer wat aan hom voorgelê word.
72. Die kennisgewingtydperk vir 'n algemene vergadering is minstens 14 dae, en vir aanname van 'n spesiale besluit minstens 21 dae, en verder soos die Wet bepaal.
73. Die Voorsitter van die direksie moet as voorsitter van elke algemene vergadering van die maatskappy optree. Indien daar geen sodanige voorsitter is nie, of indien hy by 'n vergadering nie binne vyftien minute na die vasgestelde tyd vir die hou van die vergadering aanwesig is nie of onwillig is om as voorsitter op te tree, moet die ondervoorsitter van die direksie as voorsitter van die vergadering optree. Indien die ondervoorsitter aldus afwesig of onwillig is, moet die aanwesige lede een uit hulle midde as voorsitter verkies.

#### **LOUDITEUR EN FINANSIËLE STATE**

74. Die maatskappy moet 'n ouditeur aanstel ooreenkomstig die bepalings van die Wet.
75. Afskrifte van die maatskappy se finansiële jaarstate en jaarverslae sal voorsien word aan die Nederduitse Gereformeerde Kerk se Sinodale Kommissie vir Diens van Barmhartigheid van Noord-Transvaal en Ringskommissie vir Diens van Barmhartigheid van die Ring van Pretoria.

#### **KENNISGEWINGS**

76. Kennisgewings wat soos volg gegee is, sal vir alle doeleindes geag word behoorlik en geldiglik gegee te wees:

Aan lede van die maatskappy en lede van die direksie, binne vier besigheidsdae na afsending van 'n kennisgewing per geregistreerde pos na die persoon se posadres wat aan die maatskappy verskaf is.

#### **SEËL**

77. Indien die maatskappy 'n seël het, mag dit nie aan 'n dokument geheg word nie behalwe met die magtiging van 'n besluit van die direkteure en moet dit aangeheg word op die wyse en onderworpe aan die voorsorgmaatreëls wat die direkteure van tyd tot tyd bepaal.

#### **BYLAE "A"**

#### **PRETORIA EVANGELISASIE EN NASORGAKSIE BEPERK (VERENIGING INGELYF KRAGTENS ARTIKEL 21)**

Inhoud van spesiale besluit:

**Wysigings:**

**Wysig die woorde van klousule 5.2 (b) van die Akte van Oprigting:**

Bevoegdheid (b) word nie gekwalifiseer nie, en lees soos volg:

“Om sy onderneming of al of enige deel van sy goed en bate te bestuur, te verseker, te verkoop, te verhuur, met verband te beswaar, te vervreem, in ruil te gee, te bewerk, te ontwikkel, te bebou, te verbeter, voordelig te benut of op ‘n ander wyse daarmee te handel.”

**moet soos volg lees:**

Bevoegdheid (b) word nie gekwalifiseer nie, en lees soos volg:

“Om sy onderneming of al of enige deel van sy goed en bate te bestuur, te verseker, te verkoop, te verhuur, met verband te beswaar, te vervreem, in ruil te gee, te bewerk, te ontwikkel, te bebou, te verbeter, voordelig te benut of op ‘n ander wyse daarmee te handel. Enige besigheidsonderneming of handelsaktiwiteit, of enige bate in die besigheidsonderneming of handelsaktiwiteit gebruik, deur die organisasie voor 1 Januarie 2001 verkry by wyse van skenking, bemaking of erflating, kan behou of voortgesit word vir ‘n tydperk van 5 jaar”.

**Wysig die woorde van klousule 5.2 (c) van die Akte van Oprigting**

Bevoegdheid (c) word nie gekwalifiseer nie, en lees soos volg:

“Om aansoek te doen om patente, patentregte, lisensies, handelsmerke, konsessies of ander regte of om dit te koop of op enige ander wyse te verkry, te beskerm, te verleng en te hernuwe en om daarmee te handel en dit te vervreem soos in bevoegdheid (b) bepaal.”

**moet soos volg lees:**

Bevoegdheid (c) word nie gekwalifiseer nie, en lees soos volg:

“Om aansoek te doen om patente, patentregte, lisensies, handelsmerke, konsessies of ander regte of om dit te koop of op enige ander wyse te verkry, te

beskerm, te verleng en te hernuwe en om daarmee te handel, slegs tot in die mate soos toegelaat in artikel 30(3)(b)(iv) van die Inkomstebelastingwet, en dit te vervreem soos in bevoegdheid (b) bepaal.”

**Wysig die woorde van klousule 5.2 (f) van die Akte van Oprigting**

Bevoegdheid (f) word nie gekwalifiseer nie, en lees soos volg:

“Om geld aan enige persoon of maatskappy te leen.”

**moet soos volg lees:**

Bevoegdheid (f) word nie gekwalifiseer nie, en lees soos volg:

“Om nie geld aan enige persoon of maatskappy te leen nie.”

**Wysig die woorde van klousule 5.2 (g) van die Akte van Oprigting**

Bevoegdheid (g) word nie gekwalifiseer nie, en lees soos volg:

“Om geld op enige wyse te belê.”

**moet soos volg lees:**

Bevoegdheid (g) word nie gekwalifiseer nie, en lees soos volg:

“Geen fondse sal aan enige ander persoon uitgekeer word nie (behalwe in die loop van die beoefening van enige openbare weldaadsaktiwiteit) en die fondse van die Maatskappy sal alleenlik aangewend word om vir die oogmerk waarvoor dit ingestel is, of om bedoelde fondse te belê -

- by ‘n finansiële instelling soos omskryf in artikel 1 van die Wet op die Raad op Finansiële Dienste, 1990 (Wet nr. 97 van 1990);
- in aandele genoteer op ‘n aandelebeurs soos omskryf in artikel 1 van die Wet op Beheer van Aandelebeurse, 1985 (Wet nr. 1 van 1985); of
- in ander versigtige beleggings in finansiële instrumente en bates wat die Kommissaris bepaal, na oorlegpleging met die Uitvoerende Beampte van die Raad op Finansiële Dienste en die Direkteur van Organisasies Sonder Winsoogmerk:



Met dien verstande dat die bepalings van hierdie paragraaf nie die Maatskappy verhoed om enige belegging (behalwe 'n belegging in die vorm van 'n besigheidsonderneming of handelsaktiwiteit of bate wat aangewend word in sodanige besigheidsonderneming of handelsaktiwiteit) te behou in die vorm waarin dit by wyse van skenking, bemaking of erflating verkry is nie.”

**Wysig die woorde van klousule 5.2 (o) van die Akte van Oprigting**

Bevoegdheid (o) word gekwalifiseer om soos volg te lees:

“Om skenkings aan enigiemand anders as lede en direkteure van die Maatskappy te maak.”

**moet soos volg lees:**

Bevoegdheid (o) word gekwalifiseer om soos volg te lees:

“Om skenkings aan enige openbare weldaadsorganisasie te maak wat Inkomstebelastingvrystelling geniet.”

**Wysig die woorde van klousule 6.1 (a) van die Akte van Oprigting**

- (a) Die inkomste en eiendom van die Maatskappy uit welke bron ookal verkry word uitsluitend aangewend vir die bevordering van sy hoofdoelstelling, en geen gedeelte daarvan mag regstreeks of onregstreeks, by wyse van dividend, bonus of andersins hoe dan ook, aan die lede van die Maatskappy of van sy houermaatskappy of filiale betaal of oorgemaak word nie: Met dien verstande dat niks wat hierin bepaal is, die betaling te goeder trou belet van redelike besoldiging aan 'n beampte of diensmemer van die Maatskappy of aan 'n lid daarvan vir dienste werklik aan die Maatskappy gelewer nie.

**moet soos volg lees:**

- (a) Die inkomste en eiendom van die Maatskappy uit welke bron ookal verkry word uitsluitend aangewend vir die bevordering van sy hoofdoelstelling, en geen gedeelte daarvan mag regstreeks of onregstreeks, by wyse van dividend, bonus of andersins hoe dan ook, aan die lede van die Maatskappy of sy

houermaatskappy of filiale betaal of oorgemaak word nie: Met dien verstande dat geen vergoeding aan enige werknemer, amptenaar, lid of ander persoon wat oormatig is, inaggenome wat algemeen as redelik geag word in die sektor en met betrekking tot die diens gelewer, betaal word nie. Geen persoon sal op enige wyse ekonomiese voordeel uit die Maatskappy ontvang, wat nie in ooreenstemming met die doelstellings van die Maatskappy is nie.

#### **Wysig die woorde van klousule 6.1 (b) van die Akte van Oprigting**

- (b) By sy likwidasie, deregistrasie of ontbinding word die bate van die Maatskappy wat oorbly na voldoening aan al sy verpligtinge, gegee of oorgemaak aan 'n ander maatskappy of inrigting of maatskappye of inrigtings wat doelstellings het wat soortgelyke is aan sy hoofdoelstelling, en wat deur die lede van die Maatskappy by of voor sy ontbinding of, as hulle versuim om dit te doen, deur die Hof aangewys word.

#### **moet soos volg lees:**

- (b) Die Maatskappy sal by likwidasie, deregistrasie of ontbinding al sy bates oordra aan 'n soortgelyke openbare weldaadsorganisasie met dieselfde of soortgelyke doelstellings, wat goedgekeur is in gevolge Artikel 30 van die Inkomstebelastingwet; of enige instansie, raad of liggaam wat vrygestel is van die verpligting om inkomstebelasting te betaal in gevolge Artikel 10(1)(cA)(i) van die Inkomstebelastingwet, wat as sy enigste of hoofdoelwit het om 'n openbare weldaadsaksiwiteit te beoefen; of enige departement van die staat of administrasie in die nasionale of provinsiale of plaaslike sfeer van die regering van die Republiek, soos vermeld in Artikel 10(1)(a) of (b) van die Inkomstebelastingwet en wat deur die lede van die vereniging by of voor ontbinding of, as hulle versuim om dit te doen, deur die Hof aangewys word.

#### **Voeg die addisionele klousules hieronder vermeld by klousule 6.1 van die Akte van Oprigting**

- (c) Die enigste oogmerk van die Maatskappy is om die aktiwiteite, sonder winsoogmerk, te onderneem soos omskryf in Artikel 30(1) van die Inkomstebelastingwet, en meer in besonder, die aktiwiteite wat onder die Doelstellings van die Maatskappy, genoem word.

- (d) Ten minste 85 persent van bedoelde aktiwiteite, gemeet as die koste verbonde aan die aktiwiteite of die tyd bestee met betrekking daarop, word uitgevoer tot voordeel van persone in die Republiek, tensy die Minister, na inagneming van die betrokke omstandighede, andersins aandui;
- (e) Elke aktiwiteit wat deur die Maatskappy uitgevoer word moet tot voordeel wees van of toeganklik wees vir die algemene publiek, insluitende enige sektor daarvan (uitgesluit klein of eksklusiewe groepe); of elke bedoelde aktiwiteit wat deur die Maatskappy uitgevoer word moet tot voordeel wees van of toeganklik wees vir armes en behoeftiges; of die Maatskappy moet ten minste 85 persent by wyse van donasies of toekennings van enige staatsorgaan of toekennings van buitelandse regerings of internasionale organisasies befonds word.
- (f) Ten minste drie persone, wat nie verbonde persone met betrekking tot mekaar is nie, moet fidusiêre verantwoordelikheid aanvaar, soos omskryf in die Wet; met dien verstande dat geen enkele trustee die besluitnemingproses van die Maatskappy direk of indirek kan beheer nie.
- (g) Die Maatskappy sal geen besigheidsonderneming of handelsaktiwiteite dryf, behalwe tot die mate wat:
- Die bruto inkomste uit bedoelde besigheidsonderneming of handelsaktiwiteite verkry, in totaal nie die grootste van R25 000 of 15 persent van die bruto ontvangstes van die Maatskappy te bowe gaan nie;
  - die onderneming of aktiwiteit -
    - integraal en direk verwant is tot die enigste oogmerk van die Maatskappy; en
    - beoefen of uitgevoer word op 'n grondslag waarvan wesenlik die geheel gerig is op die verhaling van koste; en
    - wat nie onregverdige mededinging met betrekking tot belasbare entiteite tot gevolg sal hê nie;
  - die onderneming of aktiwiteit, indien nie integraal en direk verwant aan die enigste oogmerk van die Maatskappy nie, van 'n toevallige aard is en wesenlik onderneem word met vrywillige bystand sonder vergoeding; of
  - die onderneming of aktiwiteit deur die Minister by kennisgewing in die *Staatskoerant*, met inagneming van -
    - (i) die omvang en welwillendheidsaard van die onderneming of aktiwiteit;

- (ii) die direkte verband en verwantskap van die onderneming of aktiwiteit met die enigste oogmerk van die maatskappy;
  - (iii) Die winsgewendheid van die onderneming of aktiwiteit; en
  - (iv) Die vlak van ekonomiese verwringing wat deur die belastingvrye status van die Maatskappy wat die onderneming of aktiwiteit bedryf, veroorsaak mag word.
  
- (h) Die Maatskappy is verbied om 'n skenking wat herroeplik op aandrang van die skenker is, vir ander redes as die wesenlike versuim om aan die aangewese oogmerke en voorwaardes van bedoelde skenking te voldoen, met inbegrip van enige wanvoorstelling met betrekking tot die belastingaftrekbaarheid daarvan ingevolge Artikel 18A, te aanvaar: Met dien verstande dat 'n skenker, anders as 'n skenker wat 'n goedgekeurde openbare weldaadsorganisasie is of 'n instelling is wat belastingvrystelling geniet in terme van Artikel 10(1)(cA)(i), en wie se hoofdoelstelling die beoefening van 'n openbare weldaadsaktiwiteit is, nie enige voorwaarde mag oplê wat bedoelde skenker of enige verbonde persoon met betrekking tot bedoelde skenker in staat kan stel om enige direkte of indirekte voordeel uit die aanwending van die skenking te verkry nie.
  
- (i) Die Maatskappy sal 'n afskrif van enige wysigings aan die stigtingsdokumentasie, waarkragtens die openbare weldaadsorganisasie ingestel is, aan die Kommissaris van die Suid-Afrikaanse Inkomstediens voorlê.
  
- (j) Die Maatskappy sal nie bewustelik toelaat dat dit gebruik word as deel van enige transaksie, handeling of skema waarvan die enigste of hoofdoel die vermindering, uitstel of vermyding is van die aanspreeklikheid vir enige belasting, reg of heffing wat, by ontstentenis van bedoelde transaksie, handeling of skema, deur 'n persoon ingevolge die Inkomstebelastingwet of enige ander Wet wat deur die Kommissaris geadministreer word, betaalbaar sou gewees het of geword het nie.
  
- (k) Die Maatskappy moet die vereiste Inkomstebelastingopgawes tesame met aanvullende dokumentasie indien.
  
- (l) Indien die Maatskappy fondse aan enige vereniging van persone in Deel 1 van die Negende Skedule bedoel, voorsien, sal die Maatskappy alle redelike stappe doen ten einde te verseker dat die fondse vir die doel waarvoor dit voorsien is, aangewend word.

- (m) Die Maatskappy moet, binne die tydperk wat die Kommissaris bepaal, ingevolge artikel 13(5) van die Wet op Organisasies Sonder Winsoogmerk, 1997 (Wet Nr. 71 van 1997), registreer, en aan enige ander vereistes ingevolge daardie Wet opgelê, voldoen, tensy die Kommissaris in oorleg met die Direkoraat van Organisasies Sonder Winsoogmerk, ingevolge Artikel 8 van die Wet op Organisasies sonder winsoogmerk aangewys, op goeie gronde aangetoon, anders aandui.
- (n) Geen bronne van die Maatskappy sal op enige wyse aangewend word tot die voordeel van of teenstaan van 'n politieke party nie.